# EFÉSIËRS 4:11-16

**TEMA:** **<u>FUNKSIONEER IN DIE VOLHEID IN CHRISTUS JESUS</u>**

Oordenking deur: **Gert du Plessis**
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 4:11-16

Efe 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,
Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,
Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;
Efe 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;
Efe 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,
Efe 4:16 uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

-o0o-

### 1. <u>5-VOUDIGE BEDIENING</u>

**Efe 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,**

Daar is 'n baie groot verskeidenheid funksies in die liggaam van Christus Jesus. Hulle val almal onder hierdie tipe bedienings.

A. Die **APOSTEL** is die <u>geestelike vader of moeder</u> wat deur die geestelike bevordering gekom het van opleiding en ontwikkeling deur die gawes van iemand wat reeds ontwikkel is en dan ingebring is in 'n huis, om 'n geestelike huis te kan bestuur.

B. Die **<u>PROFEET</u>** is die <u>mondstuk van die Here</u> wat 'n hele paar funksies het.

- Hy is die een wat sal <u>profeteer</u>, wat 'n boodskap van die Here ontvang vir 'n individu, 'n persoon of gemeente. Dit is 'n boodskap wat hy ontvang het van die Here deur sy profetiese gawe in 'n mens na 'n sekere mens/individu, gemeente of land toe.

- Een van die profeet se funksies is ook om te <u>vermaan in liefde.</u> Dit is egter nie altyd maklik om vermaning toe te pas nie, maar dis noodsaaklik in die liggaam van Christus waar die profeet mense reg help met die sondige toestande in hulle lewens. Dit is baie keer 'n bediening wat nie gerespekteer word deur ander nie, omrede die profeet baie houe en kritiek verduur van die mense, omrede hulle nie daarvan hou om reggehelp te word nie.

C. Die **<u>EVANGELIS</u>** is mense wat uitgaan, die Woord van God bedien, *uitreik* en gaan *soek* na nood daar buite. Hulle is gewoonlik nie gemeente gebonde nie, maar hulle reik uit na waar daar behoeftige mense is. (Die waters van Esegiël 47).

-o0o-

D. Die **<u>HERDERS</u>** is die mense wat God oor <u>instansies, gemeentes of groot groepe aanstel</u>. Dit is nie altyd net predikante nie, maar ook aanstelling oor sel groepe en huisgesinne. As die Here jou aanstel oor jou eie huisgesin of selgroep moet jy jou huisgesin of sel lei en leer van die Here, want dan is jy ook 'n herder.

E. Die **<u>LERAARS</u>** kry <u>openbaring</u> van die Woord en moet dan mense leer van die Woord.

*Die Apostel is die bediening wat aan **al vier** hierdie bogenoemde funksies voldoen*, hy reik uit na mense toe, hy is 'n herder, hy is 'n leraar en hy is 'n profeet.

### 2. <u>BOU DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS</u>

**Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,**

Om die heiliges toe te rus moet ons 3 dinge doen naamlik:
- Die koninkryk van God op aarde uitbrei en
- Die liggaam van Christus opbou.
- Die Vader verheerlik.

<u>Die kern gedagte is</u>: Jesus Christus is die **hoeksteen**, die fondasie is gelê op die apostels en profete, en ons is die stene wat volg op dit wat neergelê is vir ons in Christus Jesus.
- Christus het die perfekte fondasie en gelykmaking kom lê.
- Die Woord is kom lê op die fondasie van die profete en die apostels.
- Jesus het die rigting kom bepaal daarom moet ons nou aangaan met die uitbreiding van die evangelie.

Ons kan nie anderster lyk as dit wat aan ons deur Christus gewys is nie, want dan bou ons die huis, die liggaam van Christus hier op aarde, skeef en krom.

*Die funksie is:*
- Om die heiliges toe te rus vir dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus Jesus.
- Dis die koninkryk van God wat gevestig moet word en die liggaam wat opgebou moet word.

As ons dan hierdie twee dinge toepas dan verheerlik ons die Vader en bely Christus.

*Volgens die Skrif is daar net twee maniere hoe ons Vader kan verheerlik:*
- Eerstens, as ons <u>ly terwille van die evangelie</u> soos Paulus gely het toe hy in die tronk moes sit en die pyn en die lyding moes verduur as gevolg van die evangelie.
- Tweedens, as ons Christus <u>bely voor die wêreld</u>, op welke wyse ook al. Die <u>liefde</u> van Christus Jesus moet voortdurend in ons lewe gesien kan word. Nie omstandighede soos bankrotskap, huweliksprobleme of sulke dinge nie, maar Christus moet deur ons gesien kan word. Ons moet 'n <u>voorbeeld</u> wees vir ander mense daar buite. Dit moet nie net 'n goedkoop klank uit ons mond wees nie, maar ons lewe moet <u>getuig</u> en ons moet die <u>vrug</u> dra. Deur dit te doen, verheerlik ons die Vader.

### 3. <u>EENHEID VAN DIE GELOOF</u>

**Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;**

Hierdie hele proses wat ons moet deurgaan, het net een doel en dit is om daardie vuur binne ons te bring tot in eenheid van die geloof in Christus Jesus en die evangelie wat Hy kom skep het op aarde deur die saad van die Vader wat gesaai is. Die Woord sê Hos. 4:6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis en dit is die probleem, baie mense het gehoor van Christus Jesus, maar min mense ken Hom regtig.

#### A. <u>Samuel en Moses</u>

**Samuel** het die Here gedien voor Eli, maar toe die Here Samuel roep, toe ken hy nie die Here nie. Samuel was ook die eerste profeet in die Bybel. Dit is ook so in vandag se lewe waar mense die Here dien, maar hulle ken Hom nie, hulle verstaan Hom nie en hulle ken nie Sy weë nie. (Lees gerus 1 Samuel)

Dit is hoekom ons opgelei moet word in hierdie hele proses

-o0o-

- om tot die kennis te kom van die Seun van God,
- om 'n persoonlike openbaringskennis te kry,

Net soos **Moses** wie God op die berg gesien het, waar God Hom het aan Moses deur 'n brandende braambos geïdentifiseer het en aan Moses gesê het dat "EK IS". Die oomblik toe God aan Hom verskyn het in die brandende braambos het Moses die volheid van God verstaan wat in sy gees gespreek het en hy het geweet dit is God. Dit is hoekom Moses kon omdraai en gaan doen wat God hom beveel het. Ja, Moses se vlees het nog gemurmureer en hy het verskonings gehad, maar die oomblik toe Moses in sy posisie inbeweeg, kon hy met gesag en outoriteit voor Farao staan, omrede hy gekom het in die Here se naam en gestuur is deur God (Exodus 3).

**B. Geestelike Groei**

Ons mikpunt, doelwit en hele wese moet gesentreerd wees om nie meer babas te wees wat melk drink nie, maar opgebou word tot 'n volwasse man, tot die liggaam van Christus Jesus, sodat ek en jy die koninkryk van Christus hier op aarde kan bestuur. 'n Kind kan nie 'n koninkryk bestuur nie, maar 'n volwasse man kan 'n koninkryk bestuur.

1 Kor. 3:1 En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus.

1 Kor. 3:2 Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie,

## 4. DIE VOLHEID IN CHRISTUS JESUS

**Efe 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;**

**Efe 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,**

**Efe 4:16 uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.**

Dit is hoekom ons moet kom tot die volle mate van Christus Jesus, sodat die mense nie net 'n gedeelte van Christus in ons lewens sien nie, maar wel die volheid van die Godheid in ons lewens. Die volheid van die volle wese van Christus Jesus, wat die persoonlikheid is wat die Vader aarde toe gestuur het, vir versoening, die saad van die Vader wat mens geword het, die Woord wat vlees geword het. Mense moet die volkomendheid van Christus in my en jou kan sien.

Ons moet presies lyk soos die replika wat God vir ons gestuur het, net soos God aan Moses gesê het dat dit wat Hy aan Moses op die berg getoon het, moes hy presies so gaan uitvoer. Die tabernakel wat Moses moes maak, wat 'n tipe is van Christus, moes ook presies so gemaak word soos God aanbeveel het. So moet ons ook met die hulp van die Heilige Gees presies wees en doen wat God van ons verwag,.

➢ **Geestelike Ouers**

Efe 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;

**Die probleem daar buite in die liggaam van Christus is dat daar te min geestelike vaders en moeders funksioneer.**

Persoonlik ken ek dalk 5 mense wie regtig in 'n verhouding staan met die Here en hul roeping uitleef. Hoeveel geestelike vaders en moeders ken jy wat die opleiding deurgegaan het, wie deur die smart moes gaan tot volwassenheid wat deur God aangestel is oor 'n huis. Mense nie deur 'n sisteem aangestel nie, maar deur God, wat die mantels dra van die geestelike vader en wie die reg gekry om die huis van God te bestuur, wat deel is van Sy Koninkryk hier op aarde.

-o0o-

Groot deel van die Christendom is soos die in vers 14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word. Net ‘n gebeurtenis in die kind van God se lewe of op die nuus, dan is hulle mismoedig en kan nie meer aangaan nie, dan moet hulle nog geabba en gedra word, inplaas daarvan om geanker te staan in Christus en daar wees vir hulle mede-lede in die liggaam van Christus, maar hulle verkies om te murmureer en te kla. Daarom sal jy dan deur elke golf en wind omgeslaan en omgewaai word, heeltemal uit God se wil, omrede jy nog geabba word deur ander mense.

- **Goedkoop Evangelie**

Efe 4:14 ....deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;

Die liggaam van Christus moet ook waaksaam wees vir enige leringe en boodskappe daar buite, dit bring dwaling. Daar is baie mense wie nog verslaaf is aan die “koevertjie” evangelie, die prentjie boodskappe wat daagliks aangestuur word op die sosiale media. Boodskappe word ook rondgestuur dat die wolke lyk soos Christus ensovoorts. Let daarop daar staan niks in die Woord geskrywe dat Christus met jou sal praat deur die wolke nie, maar dat Hy deur jou gaan werk deur Sy Gees. Alles soos die, is om mense te bring tot dwaling. Wees waaksaam!

- **Lig van die wêreld**

Efe 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,

Efe 4:16 uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

Die lig (lampie) wat ons moet skyn in die wêreld is nie net vir myself om te sien nie, die lampie wat die Bruid dra, is daar om die liggaam van Christus op te bou. Dit moet lankal nie meer gaan oor my en jou nie. Jesus was nooit bekommerd oor Homself nie, Hy het selfs nie eers ‘n plek gehad om op te slaap nie. Ons lees ook nooit dat Christus by die Vader gekla het nie, so moet dit ook nie meer oor ons eie belange gaan nie. Christus het die beeld aan ons kom uit dra as ‘n dienskneg.

- **Ons Doel**

Die gawes moet funksioneer deur my en jou en hoe ons deur die Heilige Gees voorberei moet word tot dienswerk van die heiliges, om mekaar te bemoedig, mekaar te ondersteun, mekaar te help.

Dit is waarvoor God ons alles gegee het wat ons het op hierdie aarde geniet, naamlik ons eiendom, huwelik, werk om Sy wil te doen. Ons moet daardie oorspronklike persoonlikheid en plan hier op aarde vervul, vir een rede en dit is:

- tot opbouing van die liggaam van Christus Jesus,
- uitbreiding van die koninkryk van die hemele en
- tot verheerliking van Die Vader.

Dit is die raadsplan van God - daar is geen ander plan nie.
Ons moet hierdie raadsplan tot vervulling bring.

Mag Die Here julle ryklik seën.

-o0o-